
nie. Nie net kan 'n duisendpoot praat nie, maar dit kan ook snork!

Toe kom Driekie aangehardloop. "Hansie, jy sal nie glo wat ek nou net gesien het nie. Daar was 'n slang en ..." Sy is uitasem en grootoog.

Hansie glimlag en loer na die klip terwyl Driekie vertel van die groot slang wat sy gesien het. As sy maar net geweet het wat hý gesien het!




## RAAISEL

Hoe is dit moontlik:
Wanneer jy mis trap,
trap jy raak?

## NOG 'N RAAISEL

Ek is vinniger as die wind.
Ek hou van reis en nuwe plekke vind.
Ek is langer as 'n liniaal, maar weeg
minder as 'n sak suiker op die skaal.
Ek blaas nie vuur, en beweeg teen 300 km per uur.
Soek jy my in die lug, dan is jy reg,
maar moenie jou oë knip nie,
anders is ek weg.
Wat is ek?



Die antwoorde is op die laaste bladsy.

# Woordspel

**Hoe werk hierdie speletjie?**

Jy kan alleen speel of teen ander mense. Kyk hoeveel woorde jy in een minuut kan vorm met die volgende letters: **U H W L K O V E P I G R**

**Die reëls:** Jy mag elke letter net een keer per woord gebruik. Jy moet ná een minuut stop. Elke woord kry 'n punt – kyk hier onder. En onthou, spelling tel! 'n Woord moet reg gespel word om 'n punt te kry.

**Die punte werk so:**

6 letters: 10 punte
5 letters: 6 punte
4 letters: 3 punte
3 letters: 1 punt
2 letters: 0 punte

Die een met die meeste punte wen, en as jy alleen speel, kyk of jy jou rekord kan breek.

**Jy is 'n genie as jy 'n sesletter-woord kan maak!**

Antwoorde agter in die boek

**En nou, ’n bonus-rondte:** Doen dieselfde met hierdie letters: **S K J B A E R G D I U P Q**

(maar daar is geen antwoorde die keer nie)

As jy nie genoeg kan kry nie, hier is nog een:

**S O K U E G P A I R N M L**




## Die raai-laglaai

**Ek het geen vlerke maar ek kan vlieg. Ek het geen oë maar ek kan huil. Wat is ek?**
’n Wolk.

**Wat het ’n kop en ’n stert maar geen lyf nie?**
’n Muntstuk.





Watter twee goed kan jy nooit vir ontbyt eet nie?
Middagete en aandete.